# Nuusbrief 242

**Mei 2024**

South African Wood Preservers Association

## WOODEX 2024

WoodEX for Africa, erken as die vooraanstaande poort en deurslaggewende gebeurtenis vir masjinerie, gereedskap , bosbou en houtverskaffing oor die Suidelike Afrikaanse kontinent, vind plaas by Gallagher Konvensie Sentrum in Midrand, Suid Afrika vanaf 4 tot 6 Junie 2024.

WoodEX val saam met die Big 5 Construct-uitstalling wat vir die wyer konstruksiebedryf voorsiening maak. Dit verseker dat die houtverwante industrie ’n groter platform het om die bedryf en produkte te bevorder en te bemark. SAWPA sal weereens by WoodEX uitstal met die doel om inligting te deel, en bewusmaking te doen vir die primêre houtverduursamingsbedryf en SAWPA lede.

## PUBLIKASIE VAN VOORGESTELDE GEWYSIGDE REGULASIES VIR GEVAARLIKE CHEMIESE AGENTE

STAATSKOERANT, 5 APRIL 2024 No. 50431 13

GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

**DEPARTMENT OF EMPLOYMENT AND LABOUR**

**NO. R. 4598** **5 April 2024**

OCCUPATIONAL HEALTH AND SAFETY ACT, 1993 (ACT NO. 85 OF 1993)

**DRAFT REGULATIONS FOR HAZARDOUS CHEMICAL AGENTS**

Die Minister van Werkskepping en Arbeid het op 5 April ’n kennisgewing gepubliseer waarin hy sy voorneme aangedui het om die Regulasies vir Gevaarlike Chemiese Stowwe te hersien. Persone wat kommentaar daarop wil indien moet dit skriftelik binne 90 dae van publikasie van die kennisgewing doen, d.w.s. teen 5 Julie 2024. Indien u die voorgestelde regulasies wil lees kan u vir SAWPA kontak vir n kopie daarvan. ’n Dokument wat die huidige 2021 weergawe sowel as die voorgestelde regulasies vergelyk, is ook beskikbaar.

Die regulasies is van toepassing op (a) ’n werkgewer wat werk uitvoer by ’n werksplek waar persone blootgestel word aan gevaarlike chemiese stowwe, en (b) ’n vervaardiger, invoerder, verskaffer of verkoper van gevaarlike chemiese stowwe wat bedoel is vir gebruik by ’n werksplek. Die meeste houtverduursamingsmiddels wat tans in ons bedryf gebruik word, is geklassifiseer as gevaarlik en as sulks word alle houtverduursamingsaanlegte sowel as chemiese vervaardigers en verskaffers ingelig om kennis te neem van die voorgestelde regulasies en dit in oënskou te neem.

## SANS 10255:2024 Ed3

ISBN 978-0-626-42911-9

**SANS 10255:2024**
Edition 3

**SOUTH AFRICAN NATIONAL STANDARD**

**Health, safety and environmental guidelines for the construction and operation of timber treatment plants**

Die nuutste weergawe van SANS 10255, *Health, safety and environmental guidelines for the construction and operation of timber treatment plants* is onlangs goedgekeur en gepubliseer. Volgens ’n besluit deur die SAWPA Uitvoerende Komitee in 2017 geneem, beoog ons om elektroniese kopieë volgens ’n lisensieooreenkoms aan alle Klas 1 houtverduursamingsaanleg- en chemikalieëverskafferslede te voorsien.

Die nuutste weergawe het ’n lang tyd geneem om te finaliseer, en met die voorgestelde veranderinge aan die Gevaarlike Chemiese Stowwe Regulasies, soos in die voorafgaande artikel gemeld, mag dit nodig wees om SANS 10255 weer te wysig wanneer die regulasies gefinaliseer is.

## IRG55 VERGADERING

Dit is slegs n kort rukkie voor die 55ste vergadering van die International Research Group on Wood Protection, wat in Knoxville, Tennessee plaasvind. Belangstellendes wat meer oor die vergadering te wete wil kom, kan die amptelike IRG55 webtuiste besoek by https://www.irg-wp.com/IRG55/

Soos in die vorige nuusbrief genoem is Philip Van Niekerk, ’n MSc Houtkunde gegradueerde van Suid Afrika wat tans sy doktorale studies by die Universiteit van Göttingen in Duitsland doen, ’n ontvanger van ’n Ron Cockcroft toekenning vir 2024. Philip sal ’n aanbieding oor sy werk by IRG55 doen. SAWPA sal verteenwoordig wees by die vergaderings en sal na afloop daarvan terugvoer gee.

## SAWPA KONTAK BESONDERHEDE OP BROSJURES EN PLAKKATE

Lede moet asb. oplet na die kontakbesonderhede wat op ouer weergawes van SAWPA brosjures en plakkate voorkom. Ten tyde van druk van ouer weergawes was die SAWPA e-pos- en webadresse sawpa@global.co.za en www.sawpa.org.za gewees. Alle nuwe materiaal dui nou die korrekte e-pos- en webadres as admin@sawpa.co.za en www.sawpa.co.za aan. Lede wat nog ouer weergawes het word versoek om ons te kontak sodat ons die ouer weergawes met nuwes kan vervang.

Groete
**BRUCE BREEDT**

SAWPA aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige derdeparty stellings wat in die nuusbrief gemaak word nie.